**ARCHEAN** RESOURCES (EDMS) BPK
Sel: +27 82 970 1513
Faks: +27 86 695 5990
E-pos: moses@archeanresources.com

**14 September 2021**

**AGTERGROND INLIGTINGSDOKUMENT INGEVOLGE ARTIKEL 102 VAN DIE WET OP DIE ONTWIKKELING VAN MINERALE EN PETROLEUMHULPBRONNE, WET 28 VAN 2002, (DIE WOMPH OF "MPRDA"), WYSIGING VAN DIE GEPAARDGAANDE MAGTIGINGS OM DIE OMGEWINGSBESTUURPROGRAM OP TE GRADEER EN OM 'N GELYSTE AKTIWITEIT IN TE SLUIT INGEVOLGE DIE NASIONALE WET OP OMGEWINGSBESTUUR, WET 107 VAN 1998 (NWOB OF "NEMA"): IN LYN MET DIE REGULASIES OP OMGEWINGSIMPAKBEPALING, 2017 (SOOS GEWYSIG), DIE NASIONALE WET OP OMGEWINGSBESTUUR: AFVAL, WET 59 VAN 2008, EN DIE NASIONALE WET OP OMGEWINGSBESTUUR: GEÏNTEGREERDE KUSBESTUUR, WET NR. 24 VAN 2008.**

**Aansoeker:** Moonstone Diamond Marketing (Edms) Bpk, voorheen bekend as Trans Hex Operations (Edms) Bpk

VIR OMGEWINGSMAGTIGINGS VOORGELÊ INGEVOLGE DIE NASIONALE WET OP OMGEWINGSBESTUUR, 1998, (SOOS GEWYSIG IN 2021), DIE NASIONALE WET OP OMGEWINGSBESTUUR: GEÏNTEGREERDE KUSBESTUURWET, WET 24 VAN 2008, EN DIE NASIONALE WET OP OMGEWINGSBESTUUR: AFVAL, WET 59 VAN 2008, RAKENDE GELYSTE AKTIWITEITE WAT MEEGEBRING IS DEUR AANSOEKE INGEVOLGE DIE WET OP MINERALE EN PETROLEUMHULPBRONNE, 2002, (WOMPH OF "MPRDA") (SOOS GEWYSIG).

**DMH Verwysing: NC-00211-MR/S102 (verwysing van bestaande reg NC 088 – MR)**

## 1 INLEIDING

Hierdie kennisgewing aan alle geïnteresseerde en geaffekteerde partye word gepubliseer ingevolge die Wet op Minerale en Petroleumhulpbronne, Wet 28 van 2002, die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur, Wet 107 van 1998, soos gewysig, die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur: Afval, Wet 59 van 2008, en die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur: Geïntegreerde Kusbestuur, Wet 24 van 2008, dat 'n proses uitgevoer sal word vir 'n geïntegreerde Omvangsbepaling- en Omgewingsimpakverslag (OB & OIV of "S & EIR") vir die opgradering van die goedgekeurde Omgewingsbestuurprogram vir Moonstone Diamond Marketing (Edms) Bpk vir die bestaande mynaktiwiteite van Diamant, Diamant (Algemeen), Diamant (Spoel), Diamant (in Kimberliet) en die insluiting daarby van Spoelklip vir die mynreg op die Oorblywende deel van Hondeklipbaai en Seewaarts tot 31.4 km onder die laagwatermerk in die Administratiewe Distrik van Namakwaland, Provinsie Noord-Kaap, Suid-Afrika.

U is geïdentifiseer as 'n belangstellende en geaffekteerde party (B & GP of "I & AP") in die projek en die doel van hierdie brief is daarom:

- Om u in te lig oor die verwikkelinge.
- Om u 'n kans te gee om enige vraag te vra of beswaar te opper wat u mag hê oor die mynaktiwiteite.
- U vrae en besware in te sluit in die impakbepalingstudie wat gedoen word as deel van die Omgewingsimpakbepaling (OIB). Die OB & OIV (of "S & EIR") is 'n wettige vereiste vir alle munbou aktiwiteite en moet goedgekeur word deur die Departement van Minerale Hulpbronne (DMHE of "DMRE").

## 2 PROJEKLIGGING

Die gebiede wat deur die mynregte gedek word, is aan die Weskus van Suid-Afrika in die Kamiesberg Landdrosdistrik geleë. Die Myngebied beslaan die volgende: Sekere dele van die Oorblywende deel van Hondeklip en Seewaarts tot 31.4m onder die laagwatermerk. Geleë: in die Landdrosdistrik/Administratiewe Distrik van Namakwaland. Beslaan: 2 232 hektaar in totaal. Mynbou aktiwiteite is sedert die middel van die 1900's onderneem in hierdie gebied en ontginning van diamante is gedoen deur middel van spoeldelwerye.

**ARCHEAN** RESOURCES (EDMS) BPK
Sel: +27 82 970 1513
Faks: +27 86 695 5990
E-pos: moses@archeanresources.com




**ARCHEAN** RESOURCES (EDMS) BPK
Sel: +27 82 970 1513
Faks: +27 86 695 5990
E-pos: moses@archeanresources.com

*Figuur 1: Liggingsplan van die mynregte by Hondeklipbaai*

## 2.1 PROJEKAGTERGROND

Die gebied is sentraal geleë in die Namakwalandse kusvlakte van suidwestelike Afrika, die kusstreek wat strek tussen die Olifantsrivier in die suide en die Oranjerivier in die noorde. Dis naby die dorp Hondeklipbaai en die afsettings wat ondersoek word, is geleë op die plase Hondeklip en Avontuur-A. Die kusvlakte is bedek met Kwaternêre waaisand en blootleggings van die onderliggende afsettings is slegs beskikbaar in die "vensters" wat die slote en groewe van oopmynbou voorsien tydens die ontginning van basale seegruise vir hul diamant inhoud. Die blootleggings is op afstande van 1.5 km tot -5 km van die huidige kuslyn geleë. Die elevasies van die Prekambriese gneis rotsbodem wat blootgelê word, strek vanaf -10 m bsv. (meter bo seevlak) tot by -50 m bsv. Die spoelgruise word op verskillende dieptes gevind wat wissel vanaf oppervlakafleggings tot by ’n diepte van 30 m onder die oppervlak.




*Figuur 2: Liggingsplan van die Hondeklipgebied wat land aandui waarop die aansoeke betrekking het*

**ARCHEAN** RESOURCES (EDMS) BPK
Sel: +27 82 970 1513
Faks: +27 86 695 5990
E-pos: moses@archeanresources.com

## 3 BASIESE OORSIG VAN DIE MYNMETODE

### 3.1 Metodologie vir diamantontginning

Alhoewel die in situ ertsgruis onderbroke is, is dit naby die oppervlak en lê dit relatief gelyk oor ’n groot horisontale gebied wat dit vatbaar maak vir strookmynbou. In strookmynbou word die ontginbare gebied in ’n reeks parallelle stroke opgedeel en die volgorde van die mynwerk is die volgende:

- stroop van die bolaag
- meganiese ekstraksie van die erts
- skoonmaak van die rotsbodem.

Heel eerste, voor enige mynwerk in stroke plaasvind, sal die bogrond of ander groei-medium gestroop word en opgehoop word of direk in ’n ander deel van die myn geplaas word wat rehabilitasie ondergaan. Daar word na die eerste strook as die “box cut” verwys omdat die bolaag uit ’n sloot met vier kante uitgehaal word en op die oppervlak aan die ander kant van die algehele mynrigting neergesit word. Die mynproses van bolaag sal by die eindpunt van die eerste strook begin en dit sal langs die strook voortgaan om die erts vir uiteindelike ontginning bloot te lê. Die afvalbolaag van volgende stroke sal in aanliggende klaar gemynde stroke geplaas word.

Die strooproses sal vooruit gedoen word, voordat die erts self ontgin word, met die doel om ’n ses-maande voorafgestroopte reserwe te skep. Dit sal dit moontlik maak om erts te meng om aan te pas by aanleg- en produksievereistes. Dit is moeiliker om bolaag uit te grawe wanneer daar gekalkretiseerde, gekompakteerde of gesementeerde lae is wat boor- en skietwerk nodig maak. In sommige gebiede is dit moontlik dat groot klipbrokke en rotse strooppogings kan belemmer.

Blootgelegde erts, wat oor die algemeen ’n meter of meer dik lê, sal uitgehaal word met stootskrapers en masjiengrawe. Die diamantdraende gruis sal in lang hope (oesrye oftewel “windrows”) geplaas word voordat dit in stortbakvragmotors na ’n nabygeleë mobiele sorteeraanleg vervoer sal word. Die gesorteerde ertsproduk sal dan vervoer word na die aangewese verwerkingsaanleg.

Die laaste mynboufase is om die ontblote rotsbodem te vee om al die erts te verwyder wat diamante mag bevat. Die rykste konsentrasies edelstene word dikwels in kolkgate en sloepe gevind en die skoonmaakspanne gebruik meganiese sowel as handmetodes om die rotsbodem skoon te maak. Die toerusting wat gebruik word, sluit lugdrukbore, saamgeperste lugblasers, pikke, grawe en groot suiers in.

**Verwerking van oorskot om spoelklip te ontgin**

’n Plaaslike kontrakteur wat aangestel is, sal die oorskot herbewerk om verskillende groottes spoelklip te ontgin.

**Werksmetode:**

Om die materiaal te sorteer, sal ’n twee-dromsorteerder gebruik word waarvan die primêre skerm se fraksiegrootte -1mm en +1mm -5mm is. Die sekondêre sorteerfraksies is -8mm +5mm; -12mm +8mm; -20mm +12mm; -50mm +20mm. Die gesorteerde materiaal sal op vervoerbande gestort word en in verskillende grootte fraksies geberg word. Die materiaal word dan in die verskillende grootte fraksies in 20 kg-plastieksakke verpak en in geboue gestoor totdat dit verskeep word.

Die fraksiegroottes is -5mm +1mm; -8mm +5mm; -12mm +8mm; -20mm +12mm; -50mm +20mm. Sommige materiaal sal in grootmaat in sakke van 1 ton verskeep word. Dit sal ook in dieselfde fraksiegroottes wees soos aangedui. Klippe van +50mm sal met die hand gesorteer en verpak word.

Hoeveelhede: Die geskatte volume vir verkope is 80 ton per maand .

**4 WETLIKE VEREISTES**

- Konstitusie van die Republiek van Suid Afrika, 1996 (Hoofstuk 30)
- Nasionale Wet op Omgewingsbestuur, Wet 107 of 1998, soos gewysig
- Wet op die Ontwikkeling van Minerale en Petroleumhulpbronne, Wet 28 van 2002
- Nasionale Waterwet, Wet 36 van 1998
- Wet op Gesondheid en Veiligheid in Myne, Wet 29 van 1996
- Wet op Omgewingsbewaring, Wet 73 van 1989
- Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne, Wet 43 van 1993
- Omgewingsbewaringwet, Wet 73 van 1989
- Nasionale Wet op Omgewingsbestuur: Beskermde Gebiede, Wet 57 van 2003
- Nasionale Wet op Omgewingsbestuur: Biodiversiteit, Wet 10 van 2004
- Nasionale Wet op Omgewingsbestuur: Luggehalte, Wet 39 of 2004
- Nasionale Wet op Omgewingsbestuur: Geïntegreerde Kusbestuur, Wet 24 van 2008
- Wet op die Wêrelderfeniskonvensie, Wet 49 van 1999
- Nasionale Wet op Erfenishulpbronne, Wet 25 van 1999
- Wet op Bergopvanggebiede, Wet 63 van 1970
- Nasionale Boswet, Wet 84 van 1998, en die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande, Wet 101 van 1998, (geadministreer deur die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye) en
- ander provinsiale ordinansies en munisipale verordeninge.

**5 BASISLYNINLIGTING**

Archean Resources (Edms) Bpk wil moontlike impakte van die voorgestelde projek op die projek-omgewing identifiseer. Impakte wat volg uit die voorgestelde projek kan of positief of negatief wees. Negatiewe impakte is impakte wat die omgewing kan aftakel of beskadig en positiewe impakte is impakte wat die omgewing kan verbeter of tot die lewensbestaan van die omliggende gemeenskap kan bydrae. Versagtende maatreëls sal in die Omvangsbepalingsverslag (Scoping Report) en die Omgewingsimpakverslag (OIV of "EIR") geïdentifiseer word met inagneming van die vrae en besware wat gedurende publieke deelname uitgelig word.

**5.1 U betrokkenheid**

Die Omvangsbepalingsverslag sal vir ten minste 30 dae vir besigtiging beskikbaar wees. Verslae sal op versoek per e-pos aan geregistreerde belangstellende en geaffekteerde partye gestuur word. U word versoek om u vrae of besware (indien enige) in te dien en te registreer as 'n belangstellende en geaffekteerde party (B & GP of "I & AP") in hierdie projek deur middel van die meegaande kommentaarvorm. Hierdie konsultasie-proses is belangrik omdat dit u bewus maak van die aard van die operasie en u toelaat om enige positiewe of negatiewe vrae te lig wat u oor die voorgestelde projek mag hê. U vrae en besware sal dan verder ondersoek word as deel van die omgewingsimpakstudie om te bepaal wat die impak van die kwessies is en hoe om bestuursmaatreëls te ontwikkel om hul impak aan te spreek.

**5.2 Volgende Stappe**

Die uitkomste van hierdie konsultasie-proses sal ingesluit word in die Omvangsbepaling- en Omgewingsimpakverslag (OB & OIV of "S & EIR") wat by die Departement van Minerale Hulpbronne en Energie (DMHE of "DMRE") as deel van die aansoekproses ingedien word.

**6 OMVANGSBEPALINGSVERSLAG**

Die Omvangsbepalingverslag sal vir ten minste 30 dae vanaf 17 September tot 18 Oktober 2021 vir besigtiging beskikbaar wees. Verslae sal per e-pos aan geregistreerde belangstellende en geaffekteerde partye gestuur word en harde kopieë sal op versoek beskikbaar wees by die volgende plekke:

- Kleinsee Toerisme Sentrum
- Komaggas Kantoor van die Nama Khoi Munisipaliteit
- Hondeklipbaai Gemeenskapsaal
- West Coast Resources se Koingnaas Kantore.

Om deel te neem aan die proses en/of om kommentaar te lewer en/of om te registreer as Belangstellende en Geaffekteerde Party (B & GP) met betrekking tot die voorgestelde aktiwiteite soos hierbo uiteengesit, word u genooi om ons daaroor te kontak met melding van die verwysingsnommer, binne 30 dae vanaf hierdie kennisgewing met eindiging op 18 Oktober 2021 op die volgende maniere:

**moses@archeanresources.com@archeanresources.com@archeanresources.com of roman@archeanresources.com en kopieer archeanresources@outlook.com in.**

**Of andersins per Tel: (+27) 67 103 2562 of (+27) 82 9701513. Of per Faks: (+27) 86 695 5990**

**ARCHEAN** RESOURCES (EDMS) BPK
Sel: +27 82 970 1513
Faks: +27 86 695 5990
E-pos: moses@archeanresources.com

**KOMMENTAARVORM:**

**Aansoeker: Moonstone Diamond Marketing (Edms) Bpk**
**DMH Verwysing: NC-00211-MR/S102 (verwysing van bestaande reg NC 088 – MR)**

| | | |
|---|---|---|
| **Titel:** | **Van:** | |
| **Voornaam:** | **Organisasie:** | |
| **Plaas:** | **Gedeelte:** | |
| **Tel:** | **Faks:** | **E-pos:** |

**Hondeklipbaai OBP Opdatering**